NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE
8 MEI 2022

BEURTKRAG WORD SONDAG TOEGEPAS VAN 8:00 TOT 10:30.

EREDIENS GAAN VOORT, MAAR ONTHOU OM JOU LIEDBOEK SAAM TE BRING.

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 8 MEI 2022

VIERDE SONDAG IN PAASTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Vir al die Ma's in die gemeente

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Openbaring 21:1-6; Handelinge 11:1-18
Psalm 148; Johannes 13:31-35

	SONDAG, 8 MEI
	MOEDERSDAG
09:30	Oggenddiens – Ds Hannes Burger Deuroffer: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek Erediensspan 4 – Neels Kruger
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese
	MAANDAG, 9 MEI
18:30	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 10 MEI
09:30	Senior Burger Bybelstudie
18:00	Manne Bybelstudie in Moederskamer
19:00	Eiendomme Kommissie vergadering
19:00	Jeug Kommissie vergadering
	WOENSDAG, 11 MEI
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
10:45	Fondse Kommissie vergadering
19:00	Huweliksverryking – Date Night in De Eike
19:00	Erediens en Aanbidding Kommissie vergadering

DONDERDAG, 12 MEI	
09:30	Kuilsrivier Dienssentrum – Flinkdink Vasvrae - Moedergemeente Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder Christine Myburgh, Charlene Botes
18:00	Getuienis Aksie Kommissie vergadering
19:00	Basaar konvenor vergadering
VRYDAG, 13 MEI	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
SATERDAG, 14 MEI	
SONDAG, 15 MEI	
	VYFDE SONDAG IN PAASTYD
09:30	Oggenddiens NAGMAAL Deuroffer: Senior Sentrum Erediensspan 1 – Chris van Niekerk & 2 – Lorraine Louw
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese

GEMEENTENUUS

1. Johan Carstens (Swaansingel) is na ‘n mediese saal verskuif en sterk goed aan.
2. Miemmie Myburgh (Manatokalaan) is tans in die hospitaal. Sy sterk goed aan na die operasie.
3. Marieta Oosthuizen (De Eikestraat) is verskuif na ‘n mediese saal en sterk goed aan.
4. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
   Kara Josling, dogtertjie van George en Lize Josling. Die grootouers is George en Cecily Josling (voorheen van Van Wykstaat)

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Die leraars woon Maandag die Sinode Streekskonferensie in Bellville by.
3. Die kerkraad het die afgelope Vrydagaand en Saterdagoggend vergader om die Here se wil vir De Eike te soek. Julle sal later meer oor die uitkomste daarvan hoor.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

SENDINGWERK IN ZIMBABWE, MALAWI EN MOSAMBIEK

Ons kerkfamilie het reeds in die 19de eeu met werk in die 3 lande begin.

Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling.

Vir volledige inligting oor die werksaamhede in die onderskeie lande, gaan kyk gerus by www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/

Kontakbesonderhede: Dr Daniël de Wet 021-957-7204
missio@kaapkerk.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

08/05 Hanri Klomp, Zané Smith, Michelle Visser, Francois Swart, Johnny Wassüng
09/05 Martin Bester, Anél Schreuder
11/05 **Lerina Venter** (88), Zita Prins, Janine Theron, Daniël Wassung
12/05 Renita Gründlingh, Jan Mostert, Rico Spies, Liané Conradie, Riaan Boshoff, IJ van der Walt
13/05 Wimpie du Toit, James Gourrah, Adam Boshoff (83)
14/05 Henriette Warwick, Gerry Theron, Diaan Groenewald, Pieter Lloyd, Tania van der Walt

BASAAR – 28 MEI 2022

- Ek wil jou herinner aan ons basaar op Saterdag 28 Mei 2022. Nooi asseblief soveel moontlik van jou familie, bure en vriende uit om na ons basaar te kom. Die basaar begin om 09:00. Elke Sondag is daar "'n lusmaker" op ons aankondiginge om jou vroegtydig lus te maak vir die basaar!
- Die lyste met beloftes vir die basaar moes reeds Donderdag 5 Mei terug gewees het by die kerkkantoor. Indien jy nie die geleentheid gekry het om aan te dui wat jou bydrae tot die basaar is nie, kan jy gerus die kerkkantoor skakel. Bestanddele moet op 18 Mei by die kerkkantoor wees. Indien jy probleme met vervoer het, kan jy die kerkkantoor skakel en ons sal reël dat die bestanddele by jou afgehaal word.

Johan Morkel (Hoof Konvenor)
083 398 8435

BASAAR LUSMAKER

Kuiertent

Die kuiertent was in die verlede as die "kafee" bekend. Die kuiertent sal in een van die tente op die terrein wees. As jy moeg gekoop en rondgeloop is, kom sit gerus aan by een van die tafeltjies in die kuiertent. Jy kan die eetgoed wat jy by ander tafels gekoop het, by ons sit en geniet en lekker saamkuier met ander. Terselfdertyd kan jy koffie of tee by ons bestel en geniet. Sien jou in die kuiertent!
Riëtte Morkel

Lekkers

Moet assebliefie

De Eike Snoepie

Reg in die Hoekie

Mis Loepie!!!

Cedric & Pam

Materiaal

Aandag!!! Aandag!!! De Eike hou basaar. Baie dankie aan elkeen wat reeds materiaal, gare, knope, haberdashery, ens. geskenk het.
Ons het ook bietjie wol en hekelpenne ontvang. As daar n lappie, wol, breipenne, enigiets in kas lê, kom gee dit asb. by die kerkkantoor af.
Kom geniet n lieflike oggend saam met De Eike.
Elsa Welman

Klein koekies

Daar is reeds beloftes vir heerlike klein koekies gemaak. Geen "teaparty" sonder 'n klein koekie is 'n perfekte "party" nie. So kom betyds sodat jy 'n goeie voorraad kan koop. Ek kan ook bestanddele voorsien indien daar baksters is wat bereid is om te help bak. Kontak my by 0835783433 indien jy kan help.
Baie dankie.

ELMARÉ BURGER

PREEKSKETS

TEMA – 'N VENSTER IN DIE HEMEL!

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Openbaring 7

Die kerk aan wie Johannes skrywe, ken die "Groot Verdrukking".

- Hulle ken die vraag: Hoe lank nog...?
- Hebreërs leer ons om die stad van ver af te sien
- Maar wat is dit wat ons sien? Wat verwag ons?

1. **Die 144000 met die merk op hulle voorkop**.
   - God ken elkeen van sy kinders, en weet hoeveel van ons daar is.
   - Hy het ons gemerk as sy eiendom.
   - Midde-in die storm mag jy veilig voel...
   - Hierdie is geen toekomsdroom nie – dis realiteit!

2. **'n Skrale troos?**
   - Maar wat baat dit, as ons steeds swaar kry?
   - Die Bybel antwoord deur ons 'n kykie in die hemel self te gee!
   - Die uitbundige viering is 'n presentjie van sorglose vreugde.
   - En dis wat wag vir elkeen wie se klere gewas is in die bloed van die Lam.
   - God het self sy tent bo-oor hulle opgeslaan.

3. **Vir seker 'n idilliese prentjie!**
   - Maar wat van nou? Openbaring 7 maak twee punte:
     a. Die fees het *reeds* begin.
     b. Maar daar wag nog sóveel meer...